## Albert Coetzee

Professor AM (Albert) Coetzee is op 3 Oktober 2006 in die ouderdom van 85 jaar in Pretoria oorlede.

Sy studente en kollegas sal hom onthou as 'n veelsydige mens met 'n belangstellingsveld en 'n spektrum van betrokkenheid wat ver buite die geneeskunde uitgekring het.

Die feit dat hy, benewens sy geneeskundige kwalifikasies, ook 'n gegradueerde myningenieur was, het hom by uitstek geskik vir sy taak as professor van bedryfsgeneeskunde gemaak. Hy was 'n leermeester wat die fyn balans tussen teorie en praktyk tot 'n kuns bemeester het. Sy samestelling en aanbieding van die diplomakursus in bedryfsgeneeskunde het hiervan getuig. Om dit te kon bereik, het hy lektore en aanbieders uit 'n groot aantal verbandhoudende dissiplines betrek. Die praktiese deel van die kursus, aan die hand van besoeke aan nywerhede, was wyd en goed gekies. Alles tussen die diepste goudmyn en lugvaartgeneeskunde, het iemand eenkeer gesê. Dan bly dit 'n mens by dat professor Penalver, 'n Kubaanse boorling verbonde aan die Universiteit van Miami, aan ons gesê het dat dit 'n voorreg is om onder die leiding van so 'n man van wêreldformaat te kon staan.

Terwyl hy nog Direkteur van Mediese Dienste by Rand Mines was, 'n pos wat hy 15 jaar lank beklee het, was hy by baie ander aktiwiteite betrokke. Die ouer garde sal die reeks praatjies onthou wat oor die radio uitgesaai is. Hy was ook vir baie jare aktief betrokke by die SA Rooikruisvereniging.

Ek het hom leer ken as offisier by 5 Veldambulans, SA Geneeskundige Diens, waar hy as vrywilliger diens gedoen en later met die rang van majoor uitgetree het. Hy was ook baie aktief betrokke by die Voortrekkers en was kommandant van die Linden Kommando.

Sy droë humorsin verdien vermelding. Ek het eenkeer vir hom gesê dat dit half ongewoon klink dat hy die AM Coetzee gedenklesing aanbied. Nee, sê hy, toe die jaarlikse lesing ingestel is, het hulle gedink hy gaan nie nog 'n jaar lewe nie, en kyk nou net.

Met 'n laaste taptoe salueer ons een van die stoere grondleggers van die beroepsgeneeskunde in Suid-Afrika.

**Ben Botha**
*Brakpan*

## Nicolaas van der Westhuizen (22/5/1917 – 26/9/2006)



Oom Nic, soos ons hom almal geken het, is op 26 September 2006 in Pretoria aan hartversaking oorlede. Hy was 89 jaar oud.

Vir 30 jaar was hy my beste vriend en mentor. As psigiater het hy my bipolêre steurnis wat my toe lamgelê het, gou in beheer gebring en al die jare so gehou. Daarvoor kan ek hom nie genoeg bedank nie. Hy was 'n meester in sy vak.

Oom Nic is op 'n plaas in die Koster distrik gebore en het in Rustenburg skoolgegaan. Hy het aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO onderwys bestudeer en 'n paar jaar skoolgehou voordat hy sy mediese studies begin het. Op mediese skool was hy 'n paar jaar ouer as sy medestudente, en het as 'meester' bekend geword.

Hy en sy eerste vrou, Myda, het vyf kinders gehad: Mariette (onderwyseres), Johann (ortopeed), Lourika (oogarts), Rosalie (dieetkundige, met gastehuise) en Henrico (onderwyser en boer). Na Myda se dood is Nic met dr. Stella Salmond getroud, en hulle was meer as 30 jaar saam.

Nic het by verskeie psigiatriese inrigtings gewerk en was jare lank in bevel van die inrigting by Sterkfontein. Hy was 'n Christen en altyd nederig en geduldig, en baie gasvry – 'n mens was altyd welkom in hul huis.

Nic is in die Sterkfontein begraafplaas te Krugersdorp begrawe.

**Frans de Wet**



Pg 258-262.indd 262 3/16/07 10:34:49 AM